

4 Junie

Skrifgedeelte: Matteus 13:24-43

Fokusgedeelte: DL, VD 1:8

Is daar werklik mense wat verlore sal gaan?

God laat niemand verlore gaan bloot net omdat Hy regverdig is nie en Hy gee aan almal die genade wat nodig is om tot geloof te kom en gered te word. So het die dwaalleraars beweer en die Sinode het natuurlik hierdie dwaling verwerp. Die Bybel is vol daarvan dat God 'n regverdige God is wat sonde haat en vir ewig veroordeel.

Dit sien ons ook in die gelykenis van die onkruid tussen die koring wat Jesus in Matteus 13 vertel. Die onkruid, sê Jesus, is die aanhangers van die Bose. By die voleinding sal hulle in die brandende oond gegooi word, soos wat in vers 42 gesê word: "Daar sal hulle huil en op hulle tande kners." Dit is die mense oor wie God "bloot kragtens sy regverdige wil besluit het" dat hulle "in die val van Adam en in die gemeenskaplike staat van sonde en verdoemenis" sou bly. Hy het hulle verbygegaan in die gee van genade wat vir die geloof en bekering nodig is. Daaroor is die Woord baie duidelik. Die onkruid kry wat hulle verdien.

Jesus sluit die gelykenis in ons Skrifgedeelte af met die belofte (vers 43): "Dan sal die gelowiges in die koninkryk van hulle Vader skitter soos die son." Die genade van die uitverkiesing lê juis daarin dat niemand verdien om gered te word nie en tog kies en red God sekere mense. Om die uitverkiesing en die ewige oordeel bloot te ignoreer en te sê dat God niemand in sy genade verby sal gaan nie, is volstruispolitiek in die ergste graad.

Omdat God ons reeds gekies het om koring te wees en om eendag soos die son te skitter in die koninkryk van ons Vader moet ons nou al vrug dra en as ligdraers skitter! Enigiemand wat glo dat God hom of haar uitverkies het kan nie anders as om dit oorfloedig te doen nie! Hoe gaan u dit vandag doen?

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~